MY KREATIEWE

# BYBEL JOERNAAL

## DANIËL

# *My kreatiewe*
# BYBEL JOERNAAL

‘n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermale jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van ‘n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op ‘n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- ‘n lewenslange fondasie vorm waarop jy die Bybel prakties deel maak van jou lewe om ‘n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie BYBELSTUDIE?

DAG 1 : Daniël en sy vriende

DAG 2 : Daniël verklaar 'n droom (1)

DAG 3 : Daniël verklaar 'n droom (2)

DAG 4 : Daniel-hulle word gered

DAG 5 : Nebukadnesar droom weer (1)

DAG 6 : Nebukadnersar droom weer (2)

DAG 7 : Koning Belsasar se ete

DAG 8 : Daniël Volhard in sy geloof

# DAG 1: Daniël en sy vriende

Die hele storie van Daniël kan opgesom word in een hooftema naamlik: die **belangrikheid van jou geloof.** Die feit dat jy glo in Jesus, kan groot gevolge hê! Blaai na 1 Petrus 1:7 en voltooi die vers om meer van jou geloof te leer.


Julle _______________ is **baie kosbaarder** as ___________, goud wat ____________.
Selfs die suiwerheid van goud word met _____________ getoets,
en die ______________________________________________ moet ook getoets word.

*1 PETRUS 1:7*

1. Draai jou aandag na Heilige Gees in gebed en vra Sy hulp en leiding soos jy deur die mooi Bybelboek van Daniël begin lees.

2. Lees **Daniël 1: 1-21** hardop vir jouself of vir iemand in die huis. Lees rustig en dink oor die verse soos jy dit deurlees.

Agtergrond: Hierdie storie van Daniël het gebeur in 'n tyd toe God se kinders (in Juda) oorgegee is aan koning Nebukadnesar in Babel. **Die mense en koning van Babel, het nie in ons God geglo nie.** Hulle het afgode aanbid. Daniël was deel van God se kinders wat na Babel geneem is om daar te werk vir hierdie goddelose nasie.




3. Skryf 'n paar woorde vanuit die teksgedeelte wat vir jou uitstaan.

4. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

______________________________________________

______________________________________________

Wanneer mens in geloof optree, beteken dit dat jy besluit om iets te doen (om seker te wees van dit wat jy hoop) en dat jy vas vertrou (oortuig is) dat dit wat gaan gebeur (wat jy nog nie kan sien nie) goed sal afloop (gebeur). Dit sal goed wees as jy ook daaroor bid en vir God vra om jou by te staan in jou besluit. Lees **Hebreërs 11:1.**

5. Vertel in jou eie woorde **Daniël se geloofstap** in **verse 11-14**.

Daniël het vas geglo dat wanneer ______________________________

______________________________________________

6. Noem die resultaat of **uitkoms van Daniël se geloofstap** (om NIE deel van die goddelose koning Nebukadnesar se voorskrifte te wees nie deur God te vertrou in sy besluit). **Verse 15-17.**

______________________________________________

______________________________________________

7. Votooi die sinne:

Ek wonder ______________________________________________

Ek glo God wil my uit hierdie stukkie leer dat ____________________

______________________________________________

8. As jy weet dat NIKS vir God onmoontlik is nie, hoekom dink jy sukkel jy somtyds om God te vertrou?

______________________________________________

ONTHOU DAT JOU GELOOF IN GOD, KOSBAARDER AS AARDSE GOUD IS!

# DAG 2: Daniël verklaar 'n droom (1)

Wanneer aardse dinge groot waarde het (soos 'n huis of motor), dan is die prys daarvoor gewoonlik baie hoog. **Om te glo in Jesus** het baie waarde. Die Bybel leer ons dat dit baie, baaaaie meer werd is as dít wat op aarde as waardevol beskou word. Blaai na 1 Petrus 1:7 en voltooi die vers om meer van jou geloof te leer.

Julle geloof is ___________________________ as ____________, ____________ wat vergaan. Selfs die _________________________ van goud word met vuur _____________________,

en die _________________ van julle geloof moet ook __________________ word.

*1 PETRUS 1:7*

1. Vra vir Heilige Gees om die Woorde van Daniël vir jou hart te verduidelik soos wat jy verder lees.

2. Lees **Daniël 2: 1-23** aandagtig deur. Dink jou lekker in die verhaal soos jy dit lees. Verbeel jou jy is Daniël, 'n koninklike raadgewer wat vir koning Nebukadnesar in sy paleis werk.

3. Skryf 'n sin/vers of twee neer wat jou hart aanraak of laat wonder oor iets.

_______________________________________________

_______________________________________________

4. Wat dink jy wil God jou leer uit **vers 17+18**?

_______________________________________________

_______________________________________________

5. God het Daniël en sy vriende se gebed beantwoord. Op hoe 'n manier het Daniël sy antwoord by God gekry? (**Vers 19**)

______________________________________________

6. Daniël is baie bly dat God vir hom die geheim van koning Nebukadnesar se droom bekend gemaak het. Hy prys God in 'n baie mooi gebed (**verse 20-23**). Noem 'n paar dinge waarvoor Daniël God prys wat vir jou mooi is.

**Daniël prys God vir....**

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

7. Lees nou **vers 22** in jou Bybelvertaling en vergelyk dit dan met hierdie onderstaande vertalings. Skryf in jou eie woorde wat jy hieruit leer.

Hy maak geheime dinge bekend; Hy weet wat in die donker gebeur, maar Hyself word deur die lig omring.
Daniël 2:22 Die Boodskap

He alone reveals deep secrets and mysteries
and knows what lies in darkness,
for he radiates glory-light all around him.
*Daniël 2:22 TPT*

**Ek leer hieruit dat:**

______________________________________________

______________________________________________

8. Bid **vers 20** hardop as gebed soos jy jou tyd saam met God afsluit.

# DAG 3: Daniël verklaar 'n droom (2)

Voltooi 1 Petrus 1 vers 7 hier onder. Jy behoort hierdie vers nou al te herken ! Kyk of jy die ontbrekende woorde kan invul. Loer in jou Bybel indien jy vergeet het.

Julle _______________ is baie ______________________ as ____________, ____________ wat ________________. Selfs die _________________________ van ___________________ word met vuur ______________________, en die _________________ van julle _____________ moet ook _____________ word.

*1 PETRUS 1:7*

1. Draai in 'n kort gebed na Heilige Gees en vra Hom om by jou te sit en jou leiding en raad te gee soos jy verder lees deur die Bybelgedeelte van vandag.

2. Opsoek en leeswerk: **Daniël 2: 24-49** . Lees hierdie verse rustig en met aandag deur. Gister se verhaal gaan vandag voort. God het in 'n droom aan Daniël, koning Nebukadnesar se droom bekend gemaak. Maak 'n klein potloodmerkie in jou Bybel langs die verse wat jy lees wat vir jou uitstaan - skryf dit dan sommer reeds in by nr.3 hieronder.

3. Skryf 'n sin/ne neer wat vir jou uitstaan.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

4. Omkring woorde in die sinne hierbo wat jou oog vang of jou hart aanraak.

5. Daniël is so trots op sy God, ons God, wat lewe en antwoorde aan Sy kinders kan gee. Anders as mense wat afgode aanbid en nooit hulle antwoorde kry nie!

Verklaar in mooi letters, saam met Daniël, die woorde wat hy aan koning Nebukadnesar in **vers 28** vertel het (die eerste sin).

Daniël 2:28

6. Watter karaktereienskap(pe) (vrug van die Gees) merk jy op in Daniël, terwyl hy vir die koning vertel hoe hy aan sy antwoord gekom het. (veral in **vers 30**).

* *Vrug van die Gees karaktereienskappe word genoem in* **Galasiërs 5:22-23**

---

7. Teken die **beeld wat koning Nebukadnesar in sy droom gesien** het soos Daniël dit beskryf in **verse 31-33**. Trek pyltjies na die verskillende liggaamsdele van die beeld en probeer dit inkleur in dieselfde kleure as wat Daniël dit beskryf het.

8.Noem drie **eienskappe van ons God** wat Nebukadnesar besef het, nadat hy gehoor het wat Daniël als vertel. (**vers 47**)

---

---

---

9. Hoekom sal jy ook in 'n paleis wil bly?

# DAG 4: Daniël-hulle word gered

Kan jy 1 Petrus 1:7 al uit jou kop opsê? Skryf die vers oor in die blok hier onder.

1 Petrus 1:7

1. Vertel vir Heilige Gees dat jy nou jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy vir jou geheime in die Skrif kan uitwys.

2. Lees **Daniël 3** hardop deur terwyl jy jou lekker inleef in die verhaal. Bou vir jouself 'n prentjie van die gebeure soos jy elke versie lees. Dink jou in Daniël se skoene in.

3. Skryf 'n sin/vers neer wat jou aandag getrek het vanuit vandag se gedeelte.

* ______________________________________________

* ______________________________________________

4. Skryf 'n paar kernwoorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.

5. As jy vir God 'n vraag sou kon vra nadat jy die verhaal gelees het, wat sou dit wees?______________________________________________

______________________________________________

6. Watter woorde van Nebukadnesar in **vers 15** vertel vir jou dat hy hoogmoedig was (dat hy baie van homself gedink het)?

______________________________________________________________

7. Verduidelik in jou eie woorde wat Sadrag, Mesag en Abednego eintlik vir koning Nebukadnesar probeer sê het deur **verse 16-18**.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

8. Noem **die effek van** die 3 manne se **geloofstap** wat hulle geneem het.

______________________________________________________________

9. Dink jy, jy en jou familie sal dieselfde as die drie vriende optree wanneer so wet in hierdie land ingestel word? ____________ Hoekom of hoekom nie?

______________________________________________________________

10. Lees nou **Psalm 81:9-10.** Hoe hou dit verband met die storie wat jy vandag gelees het? Verduidelik hoe die 3 vriende **gehoorsaam** was aan God se opdrag in Psalm 81 se verse.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

10. Jesus is nog 'n voorbeeld van iemand wat **gehoorsaam aan Sy Vader was** toe omstandighede op aarde baie moeilik gelyk het. Lees **Filipense 2:5-8**. Hoe **verskil die uitkoms** van die 3 vriende se geloofstap, teenoor Jesus se geloofstap om kruis toe te gaan?

| | |
|---|---|
| Drie vriende gehoorsaam om God alleen te dien . | Daniël 3 :27 |
| Jesus gehoorsaam Sy Vader om op die kruis te sterf. | Filipense 2:9-11 |

# DAG 5: Nebukadnesar droom weer (1)

Jou geloof in Jesus is kosbaarder as aardse goud. Maar wanneer goud onder uit die grond ontgin word, lyk dit aanvanklik soos vuil klip. Hierdie klip word dan eers in 'n baie warm oond gesit. Die vuilheid (onreinheid) skei dan van die vloeibare egte goud. Net die proses van hitte kan die goud louter en skoonmaak. Dit werk net so met ons geloof. Somtyds gaan ons deur baie moeilike tye op aarde (soos goud deur vuur gaan). Wanneer ons in hierdie omstandighede in God bly glo en vertrou, maak dit ons geloof in Hom skoon en rein. Lees nou Jakobus 1:2-3 en voltooi die sin in die blok hier onder.

Julle moet baie ________ wees wanneer allerlei ______________________________ oor julle kom, want soos julle weet,

as julle ______________ die __________________ deurstaan het, stel dit julle in staat om te ______________________________ .

*Jakobus 1:2-3*

1. Vra vir Heilige Gees om jou by jou te wees en jou te lei terwyl jy stilword om tyd met die Lewende Woord (Bybel) te spandeer.

2. Lees **Daniël 4:1-18** . Dink daaraan dat hierdie verhaal regtig plaasgevind het en nie net 'n storie is nie. Verbeel jou jy is Daniël wat voor die koning staan. Heilige Gees bly in jou net soos Hy in Daniël was baie jare gelede.

3. Lees weer Nebukadnesar se woorde in **vers 9**. Is alles wat hy hier sê van Daniël waar? _____________ Watter inligting is vals?

_____________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________

4. Voltooi die volgende sinne:

Ek wonder ________________________________________________________________

Ek't vir die eerste keer raakgelees dat ____________________________________

_____________________________________________________________________________

Wat my verbaas is _________________________________________________________

5. Teken 'n mooi voorstelling/prent van dit wat Nebukadnesar gedroom het. Gee byskrifte sodat die voorstelling daarvan vir jou duidelik kan word.

## Nebukadnesar se tweede droom (verse 10-16)

6. Het jy al 'n droom gedroom en geglo God wil met jou daardeur praat? ___________ Vertel kortliks wat jy gedroom het en *wat jy dink* God se boodskap aan jou is of was daardeur.

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

7. Lees Job 33:14-15. Op watter manier kan God kommunikeer, gesels of praat met Sy kinders volgens hierdie verse?

___________________________________________________________________

# DAG 6: Nebukadnesar droom weer (2)

Jou geloof kan op verskillende maniere beproef of getoets word. Dit kan wees dat jy siek raak, of dat iemand iets teenoor jou sê wat nie waar is nie – hoe gaan jy dan optree? Dalk kom maats na jou toe en daag jou uit om dinge te doen wat jy weet 'n kind van God nie moet doen of sê nie… sal jy saam met die stroom gaan of sal jy in geloof staan in dit wat God jou leer in Sy Woord?
Voltooi die vers uit Jakobus hieronder. Om te **volhard in geloof** beteken om binne-in moeilike en slegte tye nog steeds op God te vertrou vir Sy hulp en uitkoms.

Julle moet baie ________ wees wanneer allerlei ______________________________ oor julle kom, want soos julle weet,

as julle ______________ die ___________________ deurstaan het, stel dit julle in staat om te ______________________________ .

*Jakobus 1:2-3*

1. Lees **Daniël 4:19-37** rustig deur. Jy kan die verse dalk hardop vir iemand in die huis lees. Nooi Heilige Gees om saam met jou verder in jou Bybel te lees vandag.

2. Daniël het nie net Nebukadnesar se droom vir hom uitgelê nie, maar hom ook gewaarsku. Watter raad het Daniël vir hom gegee in **vers 27**?

**Die koning moes...**

- *
- *

3. Lees weer **vers 29-30**. Watter karaktereienskap van die koning kan gehoor word deur Nebukadnesar se woorde?

______________________________________________________________________

4. Lees **Spreuke 16:18**. Hoe het die waarheid van hierdie verse plaasgevind in dit wat met die koning gebeur het?

______________________________________________________________________

5. Teken **vers 33** soos wat jy jouself verbeel dit gelyk het.

Daniël 4:33

6. Wat dink jy wil God vir jou vandag vanuit Sy Woord leer?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

7. Gebruik nou Nebukadnesar se woorde nadat hy *"sy verstand teruggekry het"* in **vers37**. Vervang sy naam met jou eie en verklaar die vers in mooi skrif.

**Daniël 4:37**

# DAG 7: Koning Belsasar se ete

Voltooi die vers hieronder. Om sterk te staan tydens moeilike tye en jou hoop op God te sit help jou om te **groei in jou geloof in God**. Partykeer help dit wanneer ander mense om jou, jou bemoedig of moed in praat tydens hierdie slegte tye. Tog verander moeilike omstandighede oor tyd en bring God uitkoms op die regte tyd. Ons moet net ons geloof in God sit en altyd weet dat Hy ons sal help tot die einde.

Julle ___________ baie bly wees wanneer ______________ beproewings (moeilikhede) oor julle kom, want _________________________, as julle _________________ die toets _______________________ het, stel dit julle in staat om te ____________________________ .

*Jakobus 1:2-3*

1. Laat Heilige Gees toe om jou lei terwyl jy met die Woord besig gaan wees. Praat met Hom in 'n kort gebed en nooi Hom uit om by jou te sit soos jy verder deur **Daniël 5** lees.

2. Lees die vyfde hoofstuk van **Daniël** rustig deur. Dink aandagtig oor elkeen van die verse soos jy lees.

3. Koning Belsasar van Babel het Nebukadnesar opgevolg. Noem die optredes van Belsasar wat gewys het dat hy **geen respek vir ons God**, die God van die Hebreërs/Israeliete/Daniël gehad het nie (Belsasar het **verwaand** opgetree).

| | |
|---|---|
| **Daniël 5:2-3** | |
| **Daniël 5:4** | |

4. Nadat die mensehand op die gepleisterde muur, reg teenoor die kandelaar woorde geskryf het, het Belsasar hom byna nugter geskrik vir hierdie verskynsel! Daniël het Heilige Gees in sy hart gehad en was die enigste persoon wat die koning kon help in sy benoude oomblik. Teken nou **verse 5 en 25** in die raampie hieronder.

Daniël 5:5,25

5. Lees weer **vers 25-28** en skryf ook die uitleg van die woorde ook in die blokkie hierbo wat met pyltjies na die vier woorde op die muur verwys.

6. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan vanuit die teksgedeelte nie? Skryf dit hier onder neer.

_______________________________________________

7. Wat dink jy wil God jou leer uit hierdie storie van Belsasar en Daniël?

_______________________________________________

_______________________________________________

8. Hoe dink jy moet jy jou lewe aanpas om dalk meer soos Daniël te wees/ op te tree / te glo? ___________________________________

_______________________________________________

9. Watter **patroon** kom jy agter het die Babelse konings beide gevolg in hul goddelose optrede wat tot hul albei se val gelei het? ________________

_______________________________________________

# DAG 8: Daniël volhard in sy geloof

Wanneer ons **geloof getoets word,** beteken dit dat ons deur **ongemaklike omstandighede gaan** sodat God kan sien watter keuses ons daarin maak. Hierdie ongemaklike omstandighede kan wees wanneer vriende jou onder groepsdruk sit en jy moet kies tussen reg en verkeerd. Dit kan selfs wees wanneer jy moet kies of jy die waarheid gepraat het en of jy moet erken dat jy gejok het oor iets. **God kyk na ons harte en ons geloof groei in ons hart.** Daarom vra Hy ons om gehoorsaam aan Hom te wees, sodat ons geloof in Hom sal groei en ons harte vir Hom aanneemlik sal wees.
Skryf nou Jakobus 1:2-3 self in die blokkie hieronder. Kan jy dit al uit jou kop opsê?

*Jakobus 1:2-3*

1. Vra vir Heilige Gees om jou by jou te wees en jou te lei terwyl jy stilword vandag.

2. Lees nadenkend deur **Daniël 6**. **Koning Darius** is nou die nuwe koning in Babel. Luister mooi na Daniël se woorde, maar kyk ook na sy optrede. Bou vir jouself 'n prentjie van die storie (amper soos 'n fliek in jou gedagtes!) sover jy lees.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat jy dink **die kernboodskap** van die stuk dra. Kyk of jy sinonieme (woorde met dieselfde betekenis) bo elke blokkie kan skryf, om hierdeur die Skrif vir jou beter verstaanbaar te maak.

4. Skryf 'n sin/vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

5. Hoekom dink jy het Daniël so uitgestaan bo die ander ministers? (**vers 4**) ?

______________________________________________________________

6. Watter karaktereienskap tel jy op tussen die Babelse generaals in **vers 5**?

______________________________

7. Is daar enige iets nuuts wat jy geleer het in die verse wat jy gelees het?

______________________________________________________________

8. Wat dink jy is **die kernrede** hoekom God hierdie storie vir ons in die Bybel gesit het – wat is die hoof boodskap wat jy vandag hieruit leer?

______________________________________________________________

9. Teken **vers 11** – dit was **Daniël se gewoonte**. Is dit ook jou gewoonte?

Daniël 6:11

10 . Is daar enige iets waaroor jy wonder of nie verstaan in die gedeelte nie?

______________________________________________________________

11. Wanneer jy gehoorsaam aan God lewe en opreg voor Hom is in alles wat jy doen, waarop sal die wêreld (Babel) jou nog steeds probeer vervolg (foutvind)?

____________________________________ (**vers 6**)

12. Verander **verse 27+28** in jou eie lofgebed tot God soos jy vandag afsluit.

Heuningsoet Woord & Gees

Psalm 19:10&11

DEUR CARIEN STANDER

carien@hencar.co.za

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God herken soos hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Laai Kreatiewe Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke gratis af by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com